

# Pas regte verbouingspraktyke toe by soja

Sojaboonaanplantings het die afgelope paar jaar daadwerklik gestyg omdat dit 'n winsgewende wisselbougewas is. Aanplantings het vanjaar weer met 23% gestyg tot 620 300 ha.

**D**aar is nog nie baie navorsing in Suid-Afrika gedoen om die beste praktyke vir die verbouing van sojabone te bepaal nie. Met 'n literatuurstudie oor wêreldnavorsing wil K2 Agri die volgende kennis aan boere oordra

## KIES DIE REGTE PLANTPOPULASIE

Om die regte plantpopulasie te kies, is sekerlik een van die belangrikste praktykbesluite. Sojabone presteer die beste teen die regte stand. Daarom is dit belangrik om saad van 'n goeie gehalte te gebruik.

Met 'n versekerde ontkiemingspersentasie is die populasie-mikpunt makliker haalbaar. Volgens literatuur is die beste rywydte van 45 cm tot 75 cm met 400 000 plante per hektaar onder besproeiing en 250 000 tot 300 000 plante per hektaar op droëland.

## MIKRO-ELEMENTE

Sojabone is 'n goeie verbruiker van residuele voedingstowwe in die grond. Daar is baie mikroelemente wat belangrik is vir sojabone, waarvan molibdeen (Mo) en mangaan (Mn) baie belangrik is.

Mo is veral belangrik met die

vorming en werking van nodules. Hierdie nodules bind die stikstof vir die plant en begin dit beskikbaar stel ongeveer drie weke ná opkoms. Sojabone moet met die regte entstof behandel word vir die beste nodulasie. Mo is ook belangrik vir blomvorming en blomgesondheid.

Mn is belangrik vir die plant se metaboliese prosesse, soos om glifosaat vinniger af te breek. Verbeterde metaboliese aksies verminder stres op die plant en sal 'n beter opbrengs verseker.

## WANNEER OM GLIFOSAAT TE SPUIT

Daar is verskeie studies wat die

ideale toedieningstyd uitwys. Boere moet klaar spuit voordat die sojabone blom. Toediening tydens R1- en R2-stadiums is die sensitiefste. Dis wanneer die plant in volle blom is. Daarna is die plante weer minder gevoelig vir glifosaat. Hoewel dit nie ideaal is nie, moet dit opgeweeg word teen die mededinging van die onkruid.

K2 Agri het 'n volledige pakket sojabone beskikbaar:

- NS 5009 is vinnig en uitstekend in koeler gebiede.
- NS 5909 en NS 6448 is medium en uitstekend in sowel koeler as warmer gebiede.
- NS 7211 is medium tot laat en uitstekend in warmer gebiede.

Voordat enige bykomende praktyk, soos blaarbespuitings, toegepas word, moet winsgewendheid, en nie opbrengsverhoging nie, bepaal word. **LBW**



Verdien gratis  
**AgriBonus**  
punte eksklusief  
verkrygbaar  
vanaf  
**K2 SAAD**

## Sojaboon

### NS 5009\*

- Medium-vroeg  
groeiperiode
- Uitstekende  
staanvermoë

### NS 5909\*

- Medium groeier
- Wyd aangepaste  
kultivar

### NS 6448

- Medium  
groeiperiode
- Uitstekend in  
koeler gebiede

### NS 7211

- Medium-laag  
groeiperiode
- Uitstekende opbrengs-  
potensiaal



## DIE ALLES-IN-EEN SAAD VERSKAFFER

Posbus 159, Oudtshoorn, 6620, Suid-Afrika  
Tel: 018 293 1233 • Tel: 017 647 6431 • Tel: 058 481 4691  
www.saadbemarking.co.za  
\*Kultivar is tans onder proef en is of sal dan oorweeg word om binnekort ingedien te word vir registrasie.